



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (Al die onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising en Interieur | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs in swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 'n Voorbeeld van niehernubare energie:

A Wind
B Hidro
C Steenkool
D Sonkrag (1)

1.1.2 … is 'n tipe belasting wat van 'n werknemer se maandelikse inkomste afgetrek word.

A Aksynsbelasting
B Lopende betaalstelsel
C Voorlopige belasting
D Boedelbelasting (1)


1.1.3 Die aanwyser wat gebruik word om die werklike waarde van salarisse, lone en pensioene aan te dui:

A BTW (belasting op toegevoegde waarde)
B Inflasiekoers
C Repokoers
D VPI (Verbruikersprysindeks) (1)

1.1.4 'n Voorbeeld van 'n niebasiese diens wat 'n munisipaliteit ook kan verskaf:

A Voedingskemas
B Biblioteke
C Elektrisiteit
D Sanitasie (1)

1.1.5 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vraag wat volg.




[Aangepas uit moneytipscoach.com]

Die kruidenierswaretrollies in die prent hierbo verteenwoordig die effek van EEN van die volgende:

A Repokoers
B Rente
C Belasting
D Inflasie (1)

1.1.6 Donkergroen blaargroente is 'n goeie bron van … om anemie te voorkom.

A yster
B jodium
C kalsium
D fosfor (1)

1.1.7 … lei tot die vernouing van slagare.

A Hoëdigtheid-lipoproteïen
B Laedigtheid-lipoproteïen
C Hoë bloeddruk
D Lae bloeddruk (1)

1.1.8 Die gesondheidstoestand wat algemeen as die 'stille moordenaar' bekend staan:

A Osteoporose
B Diabetes
C Hipertensie
D Anemie (1)

1.1.9 E-coli kan as gevolg van … oorgedra word.

A besmette water
B hoes
C 'n bloedoortapping
D inenting (1)

1.1.10 … voedsel het die kleinste negatiewe uitwerking op die natuurlike omgewing.

A Geneties gemodifiseerde
B Geprosesseerde
C Bestraalde
D Organiese (1)

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.11 en 1.1.12.



- 'n Dame wat 'n rok met vertikale strepe dra.
- Die soomlyn is net onder die knie.

[Bron: Pinterest]

1.1.11 Die lyne op die rok sal die volgende optiese illusie skep:

A Kortheid
B Lengte
C Breedte
D Informaliteit (1)

1.1.12 Die lengte van die rok skep 'n visuele illusie van … bene.

A lang
B swaar/gesette
C kort
D dun (1)

1.1.13 'n Toestel met niemenslike energiedoeltreffendheid ...

A kan maklik skoongemaak word.
B bespaar tyd.
C gebruik minder water.
D gebruik minder elektrisiteit. (1)

1.1.14 Die dokument wat huiseienaarskap bewys:

A Titelakte
B Registrasie-akte
C Koopakte
D Verbandooreenkoms (1)

1.1.15 Huishoudelike toestelle met 'n $A^+$-energie-indeks …

A is stadiger as toestelle met 'n $B^+$-energie-indeks.
B is meer omgewingsvriendelik.
C gebruik kunsmatige materiaal.
D kos minder as toestelle sonder 'n energie-indeks. (1)

1.1.16 … is 'n resultaat van beplande produksie.

A Verhoogde mededinging
B Goeie kliëntebetrekkinge
C Doeltreffende vervaardiging
D Goeie verpakking (1)

1.1.17 … verseker dat genoegsame grondstowwe beskikbaar is en dat produksie nie tot 'n stilstand kom nie.

A Voorraadbeheer
B Produkspesifikasie
C 'n Netjiese werkplek
D Gehaltebeheer (1)

1.1.18 Deurlopende verkoop van produkte verseker dat 'n besigheid …

A volhoubare winsgewendheid toon.
B vir 'n kort tydjie bestaan.
C minder klante het.
D 'n hoë winsopslag het. (1)

1.1.19 Om sy/haar tyd effektief te bestuur moet 'n entrepreneur …

A take uitstel.
B ongeskoolde werkers gebruik.
C take verleng.
D 'n roetine vestig. (1)

1.1.20 'n Duidelike beskrywing van 'n produk help met …

A aantrekkingskrag vir kliënte.
B gehaltebeheer.
C goeie kliënteverhoudings.
D die prysvasstelling van die produk. (1)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 'n Onbekende e-pos wat persoonlike bankbesonderhede vra

1.2.2 Stel 'n verkoper vry van enige aanspreeklikheid

1.2.3 Alle lede in die groep trek gelyke voordeel uit die opbrengs

1.2.4 'n Besigheid wat onredelike dade teenoor verbruikers pleeg (4)

1.3 Pas die modeterm in KOLOM B by die voorbeeld in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.4 F.

| **KOLOM A**<br>**VOORBEELD** | | **KOLOM B**<br>**MODETERM** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Dra 'n mode-item wat deur baie mense gedra word | A | outydse mode |
| | | B | verouderde mode |
| 1.3.2 | Dra 'n rok uit die 1940's na 'n troue | C | kontemporêre mode |
| 1.3.3 | Herskep die modestyl van die 1970's | D | retrospektiewe mode |
| | | E | hoogmode |

(3 x 1) (3)

1.4 Kies 'n voedselbymiddel uit die lys hieronder wat by 'n rede vir die byvoeg van voedselbymiddels in VRAAG 1.4.1 tot 1.4.5 pas. Skryf slegs die voedselbymiddel langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| antioksidant; bleikmiddels; chemiese preserveermiddels; kleurmiddels; geurmiddels; nutriënte; stabiliseerders |

1.4.1 Voorkom galsterigheid in vetterige voedsel soos margarien

1.4.2 Vertraag voedselbederf wat deur mikroörganismes veroorsaak word

1.4.3 Word by voedsel soos kitsnageregmengsels gevoeg om die tekstuur daarvan te verbeter

1.4.4 Word by gelerige varsgemaalde meel gevoeg om die voorkoms van die meel te verbeter

1.4.5 Versoeters, sout en speserye wat by voedsel gevoeg word om die smaak te verbeter (5 x 1) (5)

1.5 Kies DRIE voordele van die huur van 'n huis uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–F) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Jy kan die huis eendag aan jou familie nalaat.
B Jy kan, met toestemming, 'n besigheid uit die huis bedryf.
C Eiendom kan nie as sekuriteit vir 'n lening dien nie.
D Dit is goedkoper op die lange duur.
E Jy is nie vir die onderhoud verantwoordelik nie.
F Daar is minder maandelikse uitgawes. (3)

1.6 Kies VYF praktyke van 'n entrepreneur wat volhoubare produksie in ag neem uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Gebruik afvalmateriaal om ander produkte te maak
B Gebruik toksiese materiaal tydens produksie
C Gebruik herwinbare papier om etikette te maak
D Gebruik nie-bioafbreekbare verpakking
E Gebruik sonenergie
F Gebruik plaaslike grondstowwe
G Produseer baie ekstra produkte
H Gebruik ingevoerde grondstowwe
I Installeer watertenke om voorraad aan te vul
J Laat 'n groot koolstofvoetspoor (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGVRAE

### VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Noem TWEE maniere om rente op kredietooreenkomste te bereken. (2)

2.2 Definieer die term *grysgoedere/parallelle invoere.* (3)

2.3 Noem DRIE maniere waarop verbruikers water kan bespaar tydens tuinmaak. (3)

2.4 Verduidelik die volgende belastings:

2.4.1 BTW (belasting op toegevoegde waarde) (2)

2.4.2 Aksynsbelasting (sondebelasting) (2)

2.5 Noem DRIE maniere om elektrisiteit te bespaar wanneer 'n yskas gebruik word. (3)

2.6 Bespreek wat munisipaliteite kan doen om misdaad te verminder en om gemeenskappe veiliger te maak om in te woon. (6)

2.7 Verduidelik hoe 'n stapelvlak-/multivlakbemarkingskema werk. (3)

2.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Ayanda is deur 'n verkoopsverteenwoordiger van 'n sekuriteitsmaatskappy genader om 'n alarmstelsel by haar huis te installeer. Die verkoopsverteenwoordiger was so oortuigend oor veiligheid dat sy dit nie kon weerstaan om die kontrak onmiddellik te teken nie. Toe sy drie dae nadat sy die kontrak onderteken het haar begroting weer nagaan, het sy besef dat sy dit nie eintlik kon bekostig nie. Sy het die bestuurder geskakel om die kontrak te kanselleer voordat die alarmstelsel geïnstalleer sou word.
>
> [Eie teks]

2.8.1 Verduidelik die term *kontrak.* (2)

2.8.2 Verduidelik hoe die afkoelperiode Ayanda beskerm het toe sy die alarmstelselkontrak gekanselleer het. (3)

2.9 Bespreek die voordele vir die natuurlike omgewing wanneer gas gebruik word. (3)

2.10 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Brandstof het in Mei 2021 R17,23 per liter gekos en in Mei 2022 het die prys met 26,8% tot R21,84 per liter gestyg.
>
> [Aangepas uit *Business Tech*, Mei 2022]

Beskryf die impak van verhoogde brandstofpryse op verbruikers se reg om hulle basiese behoeftes te bevredig. (8)

**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Gee DRIE voorbeelde van voedsel wat bestraal kan word. (3)

3.2 Verduidelik die term *voedselsekerheid.* (3)

3.3 Noem DRIE dieetverwante oorsake van hoë bloeddruk. (3)

3.4 Verduidelik hoe die oordrag van gastroënteritis tydens voedselvoorbereiding voorkom kan word. (3)

3.5 Beskryf hoe arteriosklerose ontwikkel. (3)

3.6 Bestudeer die etiket van die voedselitem hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




BESTANDDELE: Grondboontjies, suiker, gehidrogeniseerde plantolie (sojaboon), sout, emulsifiseerder

ALLERGENE: Grondboontjies, soja

TIPIESE VOEDINGSINLIGTING:

| Voedingsinligting | Per 100 g | Per 10 g |
|---|---|---|
| Energie | 2647 kJ | 265 kJ |
| Proteïene | 23,2 g | 2,3 g |
| Koolhidrate | 23 g | 2 g |
| Totale vet | 50,5 g | 5,1 g |

[Aangepas uit pnp.co.za]

3.6.1 Noem die bestanddeel wat in die grootste hoeveelheid in die voedselitem teenwoordig is. (1)

3.6.2 'n Etiket verskaf baie belangrike inligting oor 'n produk.

Maak 'n lys van die basiese inligting wat NIE op die etiket hierbo sigbaar is NIE. (4)

3.6.3 Verduidelik die funksie van die emulsifiseerder in die bestanddelelys. (2)

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Nancy is 'n 17-jarige vegetariër. Haar dieet sluit slegs vrugte en groente in sonder enige dierlike produkte. Sy is baie aktief in sport. Sy het begin om die meeste van die tyd swak en moeg te voel en het haar dokter geraadpleeg. Die dokter het 'n voedselverwante gesondheidstoestand gediagnoseer en die ontbytplan hieronder voorgeskryf om haar gesondheid te verbeter.
>
> | ONTBYTPLAN |
> |---|
> | • Vars vrugte<br>• Muesli en gewone joghurt<br>• Hardgekookte eiers<br>• Lemoensap |
>
> [Eie teks]

3.7.1 Identifiseer die voedselverwante gesondheidstoestand wat die dokter gediagnoseer het. (1)

3.7.2 Bespreek redes waarom die dokter die ontbytplan hierbo vir Nancy voorgeskryf het. (5)

3.8 Bestudeer die TWEE spyskaarte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| SPYSKAART A | SPYSKAART B |
|---|---|
| • Geroosterde vis<br>• Spinasie en laevetfetakaas-slaai<br>• Aarbeivrugteslaai | • Gebraaide varktjop met romerige sampioensous<br>• Gebakte aartappel gevul met spek en kaas<br><br>[Eie teks] |

3.8.1 Regverdig waarom SPYSKAART B skadelik sal wees vir 'n persoon wat aan 'n koronêre hartsiekte ly. (4)

3.8.2 Bespreek waarom SPYSKAART A 'n gesonder opsie is vir 'n persoon wat aan hoë bloedcholesterolvlakke ly. (8)


**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Definieer die term *handelsmerkrowery.* (2)

4.2 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe ekonomiese faktore modeveranderinge sal beïnvloed. (4)

4.3 Bestudeer die grafiek van die modesiklus hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Pinterest]

4.3.1 Identifiseer die stadium wat deur die aanvaardingsfase in die grafiek hierbo voorgestel word. (1)

4.3.2 Verduidelik wat met die mode gebeur tydens die stadium wat in VRAAG 4.3.1 geïdentifiseer is. (2)

4.4 Bespreek die interverwantskap tussen kwaliteit en prys wanneer klere vir die werkswêreld gekoop word. (4)

4.5 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| **PRENT A**<br><br>[Bron: Pinterest] | • Blou en wit gestreepte langmouhemp/-bloes |
| **PRENT B**<br><br>[Bron: amazon.co.uk] | • Swart langmou-tweestuk-sweetpak<br>• Beide dele is gemaak van 'n sagte katoenmengsel-materiaal |

4.5.1 Gee DRIE redes waarom die kledingstukke in PRENT A en B as klassieke mode-items beskou kan word. (3)

4.5.2 Analiseer die voordele daarvan om die kledingstuk in PRENT A en die sweetpakbroek in PRENT B te kombineer vir 'n aanlyn (virtuele) vergadering vir mense wat van die huis af werk. (4)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Noem wie deeltiteleiendomme bestuur. (1)

5.2 Verduidelik die term *huurooreenkoms.* (2)

5.3 Noem TWEE tipes versekering wat 'n huiseienaar behoort te hê. (2)

5.4 Verduidelik die finansiële nadele van die bou van 'n huis. (3)

5.5 Noem die finansiële inligting wat by die koopooreenkoms ingesluit moet word wanneer 'n voltiteleiendom gekoop word. (3)

5.6 Bestudeer die inligting oor die mikrogolfoond in die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 20 liter-kapasiteit
- Digitale LED-vertoonpaneel met horlosie
- 10 kragvlakke
- Ontdooi volgens tyd of gewig
- Vinnige begin en kombuistydaanwyser-funksies
- Elegante spieëlafwerking
- Gebruiksvriendelike kontrolepaneel
- Drukknoppie-deur
- Grys binnekant

Kontantprys: R3 999,00
Krediet: R162 pm x 36 maande
Deposito: R200

[Bron: game.co.za]

5.6.1 Identifiseer die tipe kredietransaksie wat hierbo verskaf word. (1)

5.6.2 Beskryf hoe die funksies van die mikrogolfoond in die prent hierbo vir 'n verbruiker voordelig sal wees. (4)

5.7 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> E-afval of elektroniese afval is 'n term wat gebruik word vir elektriese huishoudelike toestelle waarmee weggedoen word. E-afval bevat herwinbare materiaal soos metaal, glas en plastiek wat hergebruik kan word om nuwe produkte te skep.
>
> [Aangepas uit https://www.genevaenvironmentnetwork.org]

Analiseer die positiewe effek van die herwinning van e-afval op die volhoubaarheid van die natuurlike omgewing. (4)
**[20]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Definieer die term *teikenmark.* (2)

6.2 Noem die doel van produkspesifikasies. (2)

6.3 Gee DRIE redes vir die verpakking van produkte. (3)

6.4 Verduidelik waarom 'n entrepreneur 'n werkplek moet netjies hou. (3)

6.5 Verduidelik die doel van 'n produk se handelsnaam. (2)

6.6 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Jong entrepreneur van die Vrystaat het 'n geleentheid gesien om 'n besigheid te begin met die R350,00 hulptoelaag wat deur die regering gegee word. Sy het die hulpbronne tot haar beskikking gebruik om 'n meubelvervaardigingsbesigheid in haar ouers se motorhuis te begin. Sy het YouTube gebruik om uit te vind wat ander mense doen en het afgekom op mense wat meubels met motorbande maak. Sy het ook YouTube- video's gekyk om haarself op te lei.

Sy het 'n tweedehandse boor en 'n rusbankoortreksel-krammasjien met die R350,00 gekoop. Sy het ook ou houtplanke in die woonbuurt gevind, die skrootwerf ('scrap yard') gevra vir ou motorbande, en het kleedstofafvalstukke gebruik om die meubels oor te trek. Haar eerste bestelling was 'n tweesitplek-rusbank gemaak van motorbande wat haar bekend gemaak het en baie nuwe klante gelok het. Met die geld wat sy maak, koop sy meer toerusting om die besigheid uit te brei. Sy vra 'n deposito en gebruik die geld om nuwe materiaal te koop. Sy slaag daarin om mededingende pryse te vra wat haar kliënte telkens laat terugkeer. Haar besigheid het uitgebrei om motorstoffeerwerk en meubelopknapping in te sluit.

[Aangepas uit *Sunday Independent*, 12 Oktober 2021]

6.6.1 Verduidelik hoe die jong entrepreneur tydens die keuse van 'n produk vir haar kleinskaalse besigheid die volgende faktore toegepas het:

(a) Finansiële hulpbronne (1)

(b) Werkspasie (1)

(c) Grondstowwe (3)

(d) Menslike vaardighede (1)

6.6.2 Maak 'n lys van die stadiums in die produksieproses waar sy gehaltebeheer behoort toe te pas. (4)

6.6.3 Verduidelik die impak wat die gehalte van grondstowwe op die gehalte en prys van die finale produkte sal hê. (4)

6.6.4 Die produksiekoste van een rusbank is R500,00 en sy voeg 45% as winsopslag by.

Bereken die verkoopprys van EEN rusbank. Toon ALLE berekeninge. (3)

6.6.5 Sy verkoop een motorsitplekoortreksel teen R350,00 wat 20% wins insluit.

Bereken die wins wat sy maak as sy ses sitplekoortreksels verkoop. Toon ALLE berekeninge. (3)

6.6.6 Die meubelbesigheid sal waarskynlik volhoubare winsgewendheid toon.

Regverdig hierdie stelling. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou